# Koers in ons Onderwys en Opvoeding



**Prof. J. Chris Coetzee:** Hoofredakteur van Augustus 1933 tot Oktober 1952. Redaksielid tot Junie 1954.

ONS tydskrif **Koers** het vanaf sy begin sy lesers nie alleen op hoogte gehou met die nuutste ontwikkelinge op die gebied van ons onderwys en opvoeding nie maar ook deurgaans die juiste Christelike koers en rigting aangetoon.

In sy uitgawe van Desember 1933 het **Koers** begin met 'n rubriek onder die opskrif **Ruilwaarde**, waarin die aandag gevestig is onder andere op die belangrikste artikels en bewegings op onderwysgebied soos vertolk in tydskrifte en dagblaaie. Vanaf die uitgawe van Augustus 1936 is die rubriek onderverdeel, en een van die vernaamste afdelings het gegaan oor Skool en Onderwys, of Skool en Opvoeding of Skool en Maatskappy. Na die uitgawe van Oktober 1952 is die hele rubriek **Ruilwaarde** gestaak.

Maar belangriker as die kort mededelings in **Ruilwaarde** oor onderwys en opvoeding, is die groot aantal artikels oor opvoedkundige vraagstukke. As hulle in boekvorm versamel sou word, sou die boek lywig word maar ook uiters waardevol wees. Daar is feitlik geen aspek van die opvoedkunde wat nie deur een of meer artikels gedek word nie. Maar die deurlesing van al die uitgawes bring 'n mens tog die ontdekking dae **Koers** hom beweeg het hoofsaaklik op die gebied van die opvoedkundige teorie en beginsel.

In so 'n versamelwerk uit **Koers** sou die probleem van die Christelik-nasionale Onderwys sonder enige twyfel die grootste ruimte beslaan. **Koers** was dan ook die mondstuk van ons hele C.N.O.-gedagte en -bedrywigheid. Sommer in die eerste uitgawe (Aug. 1933) kom C.N.O. onder die soeklik deur een van die vooraanstaande stryders daarom, nl. prof. D. J. van Rooy, wat in Junie 1939 'n verdere bydrae lewer. Onder die bekende leiers wat ook oor die vraagstuk hul gedagtes in **Koers** gestel het, moet ek noem veral: G. C. Verhoef (Junie 1934), J. A. du Plessis (Des. 1934), A. K. Bot (Aug. 1936, Junie 1936, April 1942), J. D. Vorster (Okt. 1936), P. J. S. de Klerk (Des. 1936, Febr. 1940), H. G. Stoker (Junie 1937, Aug. 1949) L. J. du Plessis (Aug.

1937, Aug. 1939, Aug. 1955), P. G. W. Snyman (Febr. 1940), J. D. du Toit (Febr. 1940), G. F. de V. Hugo (Febr. 1944), A. F. Weich (April, 1948), P. J. van der Walt (Febr. 1955), en die skrywer self (Aug. 1939, Febr. 1940, Okt. 1941, Aug. en Okt. 1949). Onder ons was daar een doelpunt maar deurgaans twee weë: eers die kerstening van die openbare skool, of direk die stigting van Staatsondersteunde C.N.O.-skole. 'n Besonder belangrike plek het ook elk van die twee grondpilarevan die C.N.O. ingeneem: godsdiens en taal. Die vraagstukke in verband met die godsdiens was veral: dogma op skool (J. D. du Toit, Febr. 1940) die; skrywer Aug. 1957), godsdiensonderrig (die skrywer, 1941 H. J. J. Bingle, Aug. 1943; E. Greyling, Aug. 1941, Junie 1944); kindergodsdiens (die skrywer, Aug. 1933, Okt. 1935, Okt. 1937; H. J. J. Bingle, Aug. 1941). Veel uitvoeriger is daar geskryf oor allerlei taalvraagstukke: oor taal en taalonderrig (F. J. Labuschagne, Junie 1938; H. v. d. M. Scholtz, Junie 1946), tweede taal (F. Coetzee, Febr. 1934; I. J. v. H. Fourie, Okt. 1945, Febr. 1948); voertaal (H. A. Steyn, Des. 1933, Okt. 1942; B. F. Nel, April 1943; die skrywer, Okt. 1945, Okt. 1948, Okt. 1951; W. N. Coetzee, April 1948; D. H. Cilliers, Aug. 1952, Okt. 1953; R. E. Davies, April 1956). Nou verwant aan die voorgaande is artikels oor die plek en verhouding van ouers, onderwysers, kerk en Staat: ouers (H. C. J. Flemming, April 1938); P. W. Jooste, April 1948); onderwysers (die skrywer, Okt. 1933; D. J. van Rooy, Aug. 1944); kerk (A. K. Bot, April 1942); staat (J. D. Vorster, Okt. 1936. P. J. S. de Klerk. Des. 1936; A. K. Bot, Junie 1938, April 1942).

Belangrike bydraes is verder gelewer oor laer, middelbare en hoër onderwys as sodanig: laer (D. G. Venter, Febr. 1934; D. F. Erasmus, Aug. 1935; J. J. Snyman, Des. 1954); middelbaar (die skrywer, Nov. 1939, Okt. 1957; W. N. Coetzee, Febr. 1957); hoër (H. G. Stoker, April 1934, Febr. 1950; T. J. Hugo, Okt. 1934; F. J. du Toit, Junie 1945, Febr. 1955; A. J. H. van der Walt, Junie 1947, Febr. 1956; F. Postma, Aug. 1957; D. C. S. du Preez, Okt. 1947; A. J. Stals, Junie 1949; A. J. R. van Rhyn, April 1951; W. N. Coetzee, Okt. 1954, Junie 1956; J. H. Viljoen, April-Junie 1955; J. H. Steyn, April-Junie 1955; H. F. Verwoerd, Junie 1957; J. P. Jooste, Aug. 1957; die skrywer, Jun. en Des. 1950, Febr., April, Jun. 1954, Febr., Apr., Jun., Sept. 1955, Apr. 1956, Aug. 1957).

Oor die onderwys aan Naturelle vind ons die volgende bydraes: P. J. S. de Klerk, Okt. 1934, April 1944; H. du Plessis, Febr. 1936, Junie 1949; B. F. Nel, Okt. 1940, Febr. 1951; J. H. Bavinck, Okt. 1953; J. H. Coetzee, Febr. 1954. Oor die onderwys aan Kleuters skryf B. F. Nel (Aug. 1941) en oor naskoolse onderwys J. L. du Plooy (Okt. en Des. 1943, Aug. 1944).

Wetgewing op die gebied van die onderwys word bespreek deur die skrywer (Febr. 1935, Junie 1937, Junie en Aug. 1952) en deur P. J. van Z. Hattingh (Apr. 1951).

'n Belangrike aantal bydraes gaan oor wetenskaplik-opvoedkundige vraagstukke. Ek noem die volgende groepe: histories (die skrywer, Apr. 1936, Feb. 1937, Des. 1938, Febr.-April 1952; D. C.

S. du Preez, Nov. 1939; J. J. Snyman, Des. 1954); empiries (J. J. v. d. Walt, Okt. 1938; H. J. J. Bingle, Des. 1950); sosiaal (die skrywer, Des. 1933, Des. 1934, Okt. 1936, Junie 1942; M. J. Coetzee, April 1934; J. C. van Rooy, Junie 1935; H. C. J. Flemming, April 1941; H. Roux, April 1948; T. N. Hanekom, Aug. en Okt. 1948, Febr. 1949); metodologies (D. J. du Plessis, Aug. 1937; D. du Plessis, Des. 1937; D. Lategan, Okt. 1941; I. R. v. d. Merwe, Febr. 1942; J. D. du Toit, Junie 1942; D. P. J. Smith, Junie 1947, Junie 1951; R. F. M. Immelman, April 1949; J. P. Malan, April-Junie 1955; J. Oosthuizen, April-Junie 1955).

Ten slotte kan ons nog verwys na twee groepe uitgawes, wat albei bydraes van opvoedkundige strekking en waarde bevat.

Die eerste is sekere verslae oor konferensies en kongresse: die skrywer, Junie, Aug. en Des. 1934; J. H. Coetzee, Febr. 1944.

Die tweede is die sg. spesiale uitgawes by geleentheid van een of ander fees of gedenkdag van 'n indiwidu of 'n groep of instelling. Die indiwidue is in die reël persone verbind aan ons Universiteit. Hier volg 'n lys van die uitgawes; Totius (J. D. du Toit), Feb. 1937, Aug. 1953; F. Postma, Nov. 1939, Junie 1957 (bylaag); J. C. van Rooy, Junie 1950; Okt. 1954; die skrywer, April 1953; A. J. H. van der Walt, Feb. 1956; D. J. van Rooy, Okt. 1956. Die ander groep uitgawes is. Eeufees Des. 1938; Mondigwording van P.U.K. vir C.H.O., Febr. 1943; Vyf-en-sewentigste Verjaarsdag van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Des. 1944; Selfstandigwording van P.U.K. vir C.H.O., Febr. 1951; Jan van Riebeeck-feesuitgawe, Febr.-April 1952; De Vrije Universiteit, Amsterdam, Sept. 1955.

**Koers** het in die kwart eeu van sy bestaan inderdaad die suiwer en goeie koers in die onderwys en opvoeding aangewys en gevolg.

J. CHRIS. COETZEE.